Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

BIngHons Meganiese Ingenieurswese (12240052)

Minimum duur van studie	1 jaar
Totale krediete	128

Programinligting

Verwys ook na Algemene Regulasies G.16 tot G.29.

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van Reg. G.1.3 en G.54 word ‘n BIng-graad of ‘n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

Ander programspesifieke inligting

'n Beperkte aantal toepaslike modules uit ander departemente word toegelaat.

Nie alle modules wat gelys is, word elke jaar aangebied nie. Raadpleeg asseblief die departementele nagraadse brosjure.

Eksamens en slaagvereistes

i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.

Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste 128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druip (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word nie.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 128

Kernmodules

Vliegtuigaandrywing 780 (MAY 780) - Krediete: 16.00
Beheerstelsels 780 (MBB 780) - Krediete: 16.00
Nie-vernietigende toetsing 780 (MCT 780) - Krediete: 16.00
Gevorderde eindige elementmetodes 781 (MEE 781) - Krediete: 16.00
Megatronika 780 (MEG 780) - Krediete: 16.00
Vibrasiegebaseerde toestandsmonitering 781 (MEV 781) - Krediete: 16.00
Gevorderde warmte- en massa-oordrag 780 (MHM 780) - Krediete: 16.00
Toestandgebaseerde instandhouding 780 (MIC 780) - Krediete: 16.00
Instandhoudingspraktyk 780 (MIP 780) - Krediete: 16.00
Instandhoudingslogistiek 782 (MIP 782) - Krediete: 16.00
Betroubaarheidsingenieurswese 781 (MIR 781) - Krediete: 16.00
Lugdinamika 780 (MLD 780) - Krediete: 16.00
Missiellugdinamika en -ontwerp 781 (MLD 781) - Krediete: 16.00
Eksperimentele metodes 782 (MLD 782) - Krediete: 16.00
Onbemande vliegtuigstelsels 783 (MLD 783) - Krediete: 16.00
Avionika 784 (MLD 784) - Krediete: 16.00
Klimaatreling 780 (MLR 780) - Krediete: 16.00
Vlugmeganika 780 (MLV 780) - Krediete: 16.00
Ontwerpoptimering 780 (MOO 780) - Krediete: 16.00
Breukmeganika 780 (MSF 780) - Krediete: 16.00
Numeriese termostroming 780 (MSM 780) - Krediete: 16.00
Numeriese termostroming 781 (MSM 781) - Krediete: 16.00
Navorsingstudie 732 (MSS 732) - Krediete: 32.00
Vermoeidheid 780 (MSV 780) - Krediete: 16.00
Stromingsleer 780 (MSX 780) - Krediete: 16.00
Gevorderde stromingsleer 781 (MSX 781) - Krediete: 16.00
Gevorderde termodinamika en energiestelsels 780 (MTX 781) - Krediete: 16.00
Reaktorkoelmiddelvloei en -warmteoordrag 782 (MUA 782) - Krediete: 16.00
Reaktoringenieurswetenskap 783 (MUA 783) - Krediete: 16.00
Reaktorfisika 784 (MUA 784) - Krediete: 16.00
Reaktormateriaalingenieurswese 785 (MUA 785) - Krediete: 16.00
Reaktormateriaalingenieurswese 786 (MUA 786) - Krediete: 16.00
Fossielbrandstofkragstasies 781 (MUU 781) - Krediete: 16.00
Voertuigdinamika 780 (MVI 780) - Krediete: 16.00
Numeriese metodes 780 (MWN 780) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.